

Donderdag 9 Mei

Skrifgedeelte: Josua 1:1-18 (vgl. Deut. 31:1-8)

Fokusgedeelte: Josua 1:5

Geroep om mét God jou geskiedenis in te gaan!

Mens sê dikwels vir iemand in nood en in onseker tye (bv. by 'n begrafnis, eksamen skryf, nuwe werksomstandighede of vir 'n ma wat geboorte skenk): “Sterkte!” Dis 'n moed-inpraat-woord. Die vraag is: Wat moet 'n kerkmens doen om moed te hou?

Dwarsdeur die kerkgeskiedenis was daar nood en onseker tye. “Kerk” beteken: “Daardie mense wat aan die Here behoort.” Dis natuurlik daardie in-ewigheid-uitgeroepes. Daardie in-Christus-skoongewastes. Daardie deur die Heilige Gees-tot-geloof-gebringdes. “Kerkgeskiedenis” is dit wat God met die kerk deur alle eeue en plekke laat gebeur het.

Gód skryf natuurlik die kerkgeskiedenis ... Ook jóú geskiedenis. “Hy roep net en dit het geskied” (Ps. 33:5 – Totius).

Die boek Josua beskryf die kerkgeskiedenis in Josua se tyd. “Josua” beteken dieselfde as “Jesus”, naamlik: “Die Here red/verlos.” Josua is 'n heenwysing na Jesus toe – soos wat Josua die kerk uit die woestyn die land wat oorloop van melk en heuning moes inlei, só het Jesus die kerk uit die sondewoestyn uitgelei na hulle hemelse woning (vgl. Op. 21, 22) toe.

Josua 1:1-4 beskryf die opdrag wat Josua kry te midde van swaar tye. Moses, die staatmaker van die afgelope 40 jaar, is dood. Josua die jonger man, en nie Kaleb die ouer man nie, kry hierdie moeilike opdrag in diens van die Here se kerk. Die Here motiveer Josua op verskillende maniere:

- Een keer met 'n *herinnering*: Onthou met 'n eed is die nuwe land belowe – Jý sál die land laat beërwe (vs 6)!
- Twee keer *belowe* die Here (vs 5, 9)- Ek ís by jou!
- Twee keer *moedig* die Here *aan* – Daar sál goeie gevolge wees (vs 7, 8)!
- Drie keer *sê* die HERE – Wees sterk en volmoed (vs 6, 7, 9)!
- Pak jou lewensgeskiedenis en roeping aan:
 - Doen dit met jou HAND – voer net jou opdrag uit (vs 6)!
 - Doen dit met jou VERSTAND – dink ná oor God se Woord/Wet; moenie links of regs afwyk nie (vs 7, 8)!
 - Doen dit met jou HART – vertrou op die HERE. Hy ís naby jou (vs 9)!

Broer, suster – en jou geskiedenis? Pak jóú lewensgeskiedenis ook só aan! Sterkte!

Sing: Psalm 81-1: 11, 12

Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)